436

# Die toekenning van die EREBURGERSKAP van die Stad Johannesburg

# Conferment of the HONORARY FREEDOM of the City of Johannesburg




Dr. N. Diederichs
Staatspresident van die
Republiek van Suid-Afrika

Dr. N. Diederichs
State President of the
Republic of South Africa

# Agenda, Spesiale Raadsvergadering 26 November 1975

HIERBY WORD KENNIS GEGEE dat 'n spesiale vergadering van die Stadsraad van Johannesburg op Woensdag, 26 November 1975 om 19h00 in die Raadsaal, Burgersentrum, Braamfontein, gehou word.

A. P. BURGER
Stadsklerk

21 November 1975

**Agenda**

1 Die toekenning van die Ereburgerskap van die Stad aan dr. N. Diederichs, Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika.

FORTITER ET RECTE

STAD JOHANNESBURG

# Agenda, Special Meeting of Council 26 November 1975

IT IS HEREBY NOTIFIED that a Special Meeting of the City Council of Johannesburg will be held in the Council Chamber, Civic Centre, Braamfontein, on Wednesday, 26 November 1975, at 19h00.

A. P. BURGER
Town Clerk

21 November 1975

## Agenda

1 Conferment of the Honorary Freedom of the City on Dr N. Diederichs, State President of the Republic of South Africa.

CITY OF JOHANNESBURG

# Spesiale Raadsvergadering 26 November 1975

Die Raad het op 29 Julie 1975 (notulebladsy 3324) die aangehegte verslag oorweeg en besluit:

„Dat hierdie Raad hierby ter erkenning van die voortreflike dienste wat dr. N. Diederichs, die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, gelewer het, kragtens Administrateurs-proklamasie 44 van 1948 die Ereburgerskap van die Stad Johannesburg aan hom toeken en hom dienooreenkomstig tot Ereburger van die Stad verklaar."

**Volgorde van die verrigtinge**

1 Die Stadsklerk lees die raadsbesluit voor waarby die Ereburgerskap van die Stad aan dr. N. Diederichs, die Staatspresident, toegeken word.

2 Die Burgemeester ken die Ereburgerskap van die Stad aan dr. N. Diederichs toe deur 'n Ereburgerskenteken en 'n kissie met 'n handgeskilderde rol daarin aan hom te oorhandig.

3 Dr. N. Diederichs teken hierna die Register van Ereburgers.

4 Onthulling van 'n borsbeeld van die Staatspresident deur mev. N. Diederichs.

**Die Kenteken**

Dit is 'n goue kenteken met 'n ougoud-en-groen lint. Op die kenteken is die stadswapen met lourierblare aan weerskante en die kenmerkende bewoording „Ereburger – Freeman, Johannesburg 1975", aangebring. Die naam van die ereburger is agterop die wapen gegraveer.

**Die Kissie**

Die kissie is van kiaat met silwerbeslag en is volgens die styl van 'n ou Kaaps-Hollandse kis ontwerp. Die binnekant is met fluweel uitgevoer.

Die stadswapen, in silwer en emalje, is in die middel van die deksel aangebring. Aan die binnekant van die deksel is daar 'n silwerplaatjie met die volgende bewoording:

*"Honorary Freeman of the City of Johannesburg*

*Ereburger van die Stad Johannesburg*

*Dr N. Diederichs*
*State President/Staatspresident*
*26 November 1975."*

Die kissie is deur die Stadsingenieursafdeling ontwerp en vervaardig.

**Die Rol**

Die Ereburgerskaprol is van velyn.
Die bewoording van die verlugte rol is tweetalig met die stadswapen in heraldiese kleure daarop en dit lui soos volg:

*STAD CITY OF*
*JOHANNESBURG*

*In die Provinsie Transvaal, Suid-Afrika*
*In the Province of the Transvaal, South Africa*

*EREBURGERSKAP VAN DIE STAD*
*HONORARY FREEDOM OF THE CITY*

*wat by eenparige besluit van die Stadsraad van die nege-en-twintigste dag van Julie 1975 toegeken is aan:*

*conferred by unanimous resolution of the City Council dated the twenty-ninth day of July 1975 upon:*

*NICOLAAS DIEDERICHS,*
*DVD/DMS, M.A., D.Lit. et Phil., D.Com (honoris causa)*

*Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*
*State President of the Republic of South Africa*

*BESLUIT: Dat hierdie Raad hierby ter erkenning van die voortreflike dienste wat dr. N. Diederichs, die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, gelewer het, kragtens Administrateursproklamasie 44 van 1948 die Ereburgerskap van die Stad Johannesburg aan hom toeken en hom tot Ereburger van die Stad verklaar.*

*RESOLVED: That, in recognition of the eminent services rendered by Dr N. Diederichs, the State President of the Republic of South Africa, this Council do hereby, in pursuance of Administrator's Proclamation No. 44 of 1948, confer upon him the Honorary Freedom of the City of Johannesburg and do admit him to be an Honorary Freeman of this City.*

*Ten getuie waarvan die Seël van die Stad Johannesburg op hede die ses-en-twintigste dag van November eenduisend negehonderd vyf-en-sewentig hierop aangebring word.*

*In witness whereof the Seal of the City of Johannesburg is hereunto affixed this twenty-sixth day of November One Thousand Nine Hundred and Seventy-five.*

*(Geteken) Max L. Neppe (Burgemeester)*

*(Geteken) A. P. Burger (Stadsklerk)*

## Special Meeting of Council 26 November 1975

On 29 July 1975 (Minutes page 3183) the Council considered the attached report and resolved:

"That, in recognition of the eminent services rendered by Dr N. Diederichs, the State President of the Republic of South Africa, this Council do hereby, in pursuance of Administrator's Proclamation No. 44 of 1948, confer upon him the Honorary Freedom of the City of Johannesburg and do admit him to be an Honorary Freeman of this City."

### Order of Proceedings

1 The Town Clerk will read the resolution of the Council conferring the Honorary Freedom of the City on Dr N. Diederichs, the State President.

2 The Mayor will confer the Freedom of the City on Dr N. Diederichs by presenting to him a Freeman's Badge and a casket containing a hand-painted scroll.

3 Dr N. Diederichs will then sign the Roll of Honorary Freemen.

4 Unveiling of bust of State President by Mrs N. Diederichs.

### The Badge

Gold badge with old-gold and green ribbon. The Council's Coat-of-Arms appears on the badge flanked by laurel leaves with the distinguishing wording "Ereburger – Freeman, Johannesburg 1975." Engraved on the back of the badge is the name of the recipient.

### The Casket

The casket is made of kiaat embellished with silver furnishings and is designed in the style of the Old Cape Dutch kist. The interior is lined with velvet.

The City Coat-of-Arms, modelled in silver and enamel, is affixed in the centre of the lid. On the inside of the lid is a silver plate bearing the following inscription:

*"Honorary Freeman of the City of Johannesburg*

*Ereburger van die Stad Johannesburg*

*Dr N. Diederichs*
*State President/Staatspresident*
*26 November 1975."*

The casket was designed and made in the City Engineer's Department.

**The Scroll**

The Scroll of Freedom is of vellum.
The illuminated Scroll, which is bilingual and bears the City Coat-of-Arms in heraldic colours, reads as follows:

*STAD CITY OF*
*JOHANNESBURG*

*In die Provinsie Transvaal, Suid-Afrika*
*In the Province of the Transvaal, South Africa*

*EREBURGERSKAP VAN DIE STAD*
*HONORARY FREEDOM OF THE CITY*

*wat by eenparige besluit van die Stadsraad van die nege-en-twintigste dag van Julie 1975 toegeken is aan:*

*conferred by unanimous resolution of the City Council dated the twenty-ninth day of July 1975 upon:*

*NICOLAAS DIEDERICHS,*
*DVD/DMS, M.A., D.Lit. et Phil., D.Com (honoris causa)*

*Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*
*State President of the Republic of South Africa*

*BESLUIT: Dat hierdie Raad hierby ter erkenning van die voortreflike dienste wat dr. N. Diederichs, die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, gelewer het, kragtens Administrateursproklamasie 44 van 1948 die Ereburgerskap van die Stad Johannesburg aan hom toeken en hom tot Ereburger van die Stad verklaar.*

*RESOLVED: That, in recognition of the eminent services rendered by Dr N. Diederichs, the State President of the Republic of South Africa, this Council do hereby, in pursuance of Administrator's Proclamation No. 44 of 1948, confer upon him the Honorary Freedom of the City of Johannesburg and do admit him to be an Honorary Freeman of this City.*

*Ten getuie waarvan die Seël van die Stad Johannesburg op hede die ses-en-twintigste dag van November eenduisend negehonderd vyf-en-sewentig hierop aangebring word.*

*In witness whereof the Seal of the City of Johannesburg is hereunto affixed this twenty-sixth day of November One Thousand Nine Hundred and Seventy-five.*

*(Signed) Max L. Neppe (Mayor)*

*(Signed) A. P. Burger (Town Clerk)*

# Aanhangsel

**Ereburgerskap: Dr. N. Diederichs:**
**Die Staatspresident**

Dit is, uit hoofde van die voortreflike diens wat dr. N. Diederichs, DVD, die Staatspresident, aan Suid-Afrika gelewer het, gepas dat die Raad kragtens sy bevoegdhede ingevolge Administrateursproklamasie 44 van 1948, sy hoogste eerbewys aan hom betoon deur aan hom die Ereburgerskap van die Stad toe te ken.

Dr. Nicolaas Diederichs, DVD, M.A., D.Lit. et Phil., D.Com. (h.c.), is op 17 November 1903 op Ladybrand, OVS, gebore. Hy het aan die Hoërskool Boshof skoolgegaan waar 'n beurs vir verdere studie aan hom toegeken is. Nadat hy die grade B.A. en M.A. met lof aan die Grey-universiteitskollege (nou die Universiteit van die Oranje-Vrystaat), Bloemfontein, verwerf het, is hy na die buiteland waar hy aan die Universiteite van München, Keulen en Berlyn (1937) gestudeer het. Hy het sy studie aan die Universiteit van Leiden voltooi en die graad D.Lit. et Phil. (cum laude) verwerf.

Dr. Diederichs is in 1930 op die ouderdom van 26 jaar as lektor in Staatsleer aan sy Alma Mater in Bloemfontein aangestel. Drie jaar later is hy tot Professor in Staatsleer en Wysbegeerte bevorder. In 1933 is hy tot lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns benoem.

Dr. Diederichs het in 1948 tot die politiek toegetree en as 'n kandidaat van die Nasionale Party die Volksraadsetel vir die kiesafdeling Randfontein verower. Hy het vanaf 1958 tot 1974 die kiesafdeling Losberg verteenwoordig. Op 18 Maart 1974 is hy onbestrede in die nuwe kiesafdeling Overvaal verkies. Hy het op 5 Februarie 1975 as Volksraadslid bedank.

Dr. Diederichs is in 1958 as Minister van Ekonomiese Sake aangestel en hy was vanaf 1961 tot 1964 ook Minister van Mynwese. Hy is in Februarie 1967 aangestel as Minister van Finansies. In 1974 is hy eenparig tot Leier van die Volksraad verkies. Nadat hy as 'n kandidaat vir die presidentskap aangewys is, het hy op 5 Februarie 1975 as Minister van Finansies bedank.

Dr. Diederichs het gedurende sy parlementêre loopbaan in verskeie komitees gedien – onder meer in die Inkomstebelastingkomitee en in die Komitee insake Openbare Rekeninge. Hy het ook in die direksie gedien van verskeie nywerheids- en finansiële ondernemings en was Voorsitter van die Ekonomiese Instituut (FAK).

Hy is aan die begin van 1968 as die Kanselier van die Randse Afrikaanse Universiteit in Johannesburg aangestel.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, het op 17 April 1971 die graad Doctor Commercii (Honoris Causa) aan hom toegeken.

Die Italiaanse Regering het op 16 Augustus 1973 aan hom die Orde van die „Ridder van die Groot Kruis in die Orde ‚Al Merito della Repubblica Italiano'" toegeken. Die Regering van die Republiek van Paraguay het in April 1974 aan hom die Orde van Meriete toegeken. Die Stadsraad van Parys, Frankryk, het sy goue medalje aan hom toegeken.

# Aanhangsel

Die Universiteit van Stellenbosch het op 17 Desember 1973 die graad Doctor Commercii (Honoris Causa) aan hom toegeken.

Benewens ander eerbewyse is dr. Diederichs in 1973 deur die Harvard School of Business Club van Suid-Afrika aangewys as die „Sake-Staatsman van die jaar", en in 1974 het Suid-Afrika se grootste Engelstalige nuusblad, die „Sunday Times" hom as „Die Besigheidsman van die Jaar" aangewys. Hy is 'n Ereburger van New Orleans (VSA), en van Westonaria en Vanderbijlpark, Suid-Afrika.

Dr. Diederichs het veel gereis en etlike boeke en brosjures geskryf, waarvan die vernaamste „Vom Leiden und Dulden"; „Die Volkebond"; „Nasionalisme as Lewensbeskouing" en „Die Kommunisme" is. Hy het die afgelope jare vergaderings in baie lande toegespreek en artikels vir baie buitelandse tydskrifte geskryf. Sy wye belangstelling behels internasionale monetêre aangeleenthede en veral goud. Hy het sedert 1967 as Goewerneur van die Internasionale Monetêre Fonds, die Republiek van Suid-Afrika op vergaderings verteenwoordig.

Toe dr. Diederichs op 30 Januarie 1975 as kandidaat vir die Staatspresidentskap van die Republiek aangewys is, het dit die kroon gespan oor sy briljante loopbaan. Hy is op 21 Februarie 1975 eenparig deur die Senaat én die Volksraad tot Staatspresident verkies en hy is op 19 April 1975 ingehuldig.

Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika het op 24 Maart 1975 aan dr. Diederichs die Dekorasie vir Voortreflike Diens (DVD) toegeken.

# Annexure

**Freedom of the City:**
**Dr N. Diederichs: The State President**

In view of the eminent services which Dr N. Diederichs, DMS, the State President, has rendered to South Africa and in pursuance of the powers vested in the Council by Administrator's Proclamation No. 44 of 1948, it is fitting that the Council should confer upon him the Honorary Freedom of the City, which is its highest honour.

Dr Nicolaas Diederichs, DMS, M.A., D.Lit. et Phil., D.Com (h.c.) was born at Ladybrand, O.F.S., on 17 November 1903. He attended the Boshof High School where he was awarded a bursary for further studies, and after taking the B.A. and M.A. degrees with distinction at the Grey University College (now the University of the Orange Free State), Bloemfontein, he proceeded overseas and attended the Universities of Munich, Cologne and Berlin (1937). He completed his studies at the University of Leyden, taking the degree D.Lit. et Phil. (cum laude).

In 1930, at the age of 26, Dr Diederichs was appointed lecturer in Political Science at his Alma Mater in Bloemfontein, where after three years he was promoted Professor in Political Science and Philosophy. He was nominated a member of the "Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns" in 1933.

Dr Diederichs entered politics in 1948 and as a candidate for the National Party won the parliamentary seat for the constituency of Randfontein. From 1958 to 1974 he represented the Losberg constituency. On 18 March 1974 he was elected unopposed for the new constituency of Overvaal. He resigned as Member of Parliament on 5 February 1975.

Dr Diederichs was appointed Minister of Economic Affairs in 1958 and from 1961 to 1964 was also Minister of Mines. He became Minister of Finance in February 1967. In 1974 he was unanimously elected Leader of the House of Assembly. After his nomination as Candidate for the Presidency, he resigned as Minister of Finance on 5 February 1975.

During his parliamentary career Dr Diederichs served on various committees – amongst others on the Income Tax Committee and on Public Accounts. He also served as director on boards of various industrial and financial concerns and was Chairman of the Economic Institute (FAK).

At the beginning of 1968 he was appointed Chancellor of the "Randse Afrikaanse Universiteit" in Johannesburg.

On 17 April 1971 he was awarded the degree of Doctor Commercii (honoris causa) by the University of the Orange Free State, Bloemfontein.

On 16 August 1973 he was awarded the order of "Knight of the Great Cross in the Order 'Al Merito della Repubblica Italiano'" by the Italian Government and in April 1974 he was granted the Order of Merit by the Government of the Republic of Paraguay. The City Council of Paris, France, awarded him its Gold Medal.

# Annexure

The University of Stellenbosch conferred the degree of Doctor of Commerce (honoris causa) upon him on 17 December 1973.

In addition to other honours bestowed upon him, Dr Diederichs was selected in 1973 as "Business Statesman of the Year" by the Harvard School of Business Club of South Africa and in 1974 as "Top Businessman of the Year" by the "Sunday Times", South Africa's largest English newspaper. He is an Honorary Citizen of New Orleans (U.S.A.), Westonaria and Vanderbijlpark, South Africa.

Dr Diederichs has travelled widely and has written several books and brochures, notably "Vom Leiden und Dulden"; "Die Volkebond"; "Nasionalisme as Lewensbeskouing" and "Die Kommunisme". In recent years he has addressed meetings and written articles for periodicals in many countries. His many interests include international monetary affairs and particularly gold. He has been a Governor for the Republic of South Africa at the International Monetary Fund since 1967.

Dr Diederichs' brilliant career was crowned when he was nominated as candidate for the State Presidency of the Republic of South Africa on 30 January 1975. He was elected unanimously as State President by both Houses of Parliament on 21 February 1975 and inaugurated on 19 April 1975.

The Decoration for Meritorious Service (DMS) was awarded to Dr Diederichs by the Government of the Republic of South Africa on 24 March 1975.

**Collection Number: A1132**

**Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2016**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.